

VAN STAMVERWANTE BODEM

In *De Toerist* (Antwerpen, pg. 47, nr. 18) verskyn 'n bydrac wat aan die Vlaamse digter, regsgeleerde en leier, Lodewyk Dosfel (1881-1925) gewy is. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het hy 'n professoraat aan die Duits-beheerde *Vlaamse hogeschool* (Gent) bekleed. Nadat hy tydelik van sy vryheid berowe is, het Dosfel na die oorlog een van die leiers van die Vlaamse Beweging geword. Die V.T.B. het op 10.9.1967 'n gedenkplaat wat aan sy sterfhuis aangebring is op Dendermonde onthul.

In dieselfde uitgawe is vermeld dat binnekort 'n volledige atlas oor Parys sal verskyn. Aan hierdie werk het 150 geskiedkundiges en geografe meegewerk.

In Wes-Berlyn is onlangs die folkloremuseum heropen. Tydens die jongste wêreldoorlog is die grootste gedeelte van die inhoud van die museum (45,000 items) verwoes of gesteel. Die huidige direkteur, prof. L. Pretzell, het daaraan geslaag om die inventaris weer op 10,000 items te bring.

Onlangs was dit 'n eeu gelede dat Karl Marx se werk *Das Kapital* in Hamburg verskyn het. In dié verband het prof. Oswald von Nell-Breng 'n bydrae in die *Hannoversche Allgemeine* (14.9.1967) geskrywe waarin hy o.m., aldus *The German Tribune* (30.9.1967) verklaar het: *Karl Marx no longer means anything to those who prate about being his most faithful supporters. They have reduced his theories to dogmas and they perpetually argue about his orthodox interpretation. They have established a system, and this applies equally to Lenin, Stalin and Mao, in which almost nothing remains of Marx's grand conception of liberating man and leading him out of alienation towards reconciliation with himself.* In die bydrae word verder o.m. vermeld dat Marx se manuskripte in die Marx-Engelsinstituut (Oos-Berlyn) berus en nog nooit gepubliseer is nie.

Beskouwingen over een paar Amsterdamse hofjes is die titel van 'n bydrae van die hand van F. J. Dubiez (*Ons Amsterdam*, jg. 19, nr. 9, Sept. 1967) oor hierdie tipiese voorbeelde van tehuise vir oues van dae in Amsterdam waarvan sommige 'n* lang en eerbiedwaardige geskiedenis agter die rug het. Die *Claes Reyniershofje*, 'n kompleks van 18 wonings, dateer dalk van 1618 (verbou in 1913).

Onder die opskrif *Teengaan van die vervreemding tussen Nederlands en Afrikaans?* is 'n belangrike bydrae in *Zuid-Afrika* (Amsterdam, jg. 44, Junie-Julie 1967, nr. 6 en 7) gepubliseer. In verband met dié vraag het die skrywer, A. B. du Toit, aan die slot van die bydrae o.m. verklaar: *Die kontak met Nederlands beteken vir Suid-Afrika naamlik nie net die toegang tot die relatief klein Nederlandse taalgebied en letterkunde self nie, maar daardeur ook en veral met Europa. Heel konkreet en spesifiek beteken dit byvoorbeeld die toegang tot die uitgebreide fonds van vertalings in Nederlands uit Russies, Portugees en alle Europese tale. Meer in die algemeen beteken Nederlands vir Suid-Afrika 'n direkte toegang tot die hele Europese tradisie en denke waaruit dit volgens eie oortuiging as Westerse, Christelike en demokratiese land afkomstig is.*

Vanuit Suid-Afrikaanse gesigspunt gesien bied die kontak met Nederlands dus nie net 'n bruikbare teenwig en korrektyf op die invloed van Engels as wêreldtaal nie. Meer nog, dit is noodsaaklik vir die realisering van Suid-Afrika se unieke posisie en moeikhede as deelhebbend aan drie groot invloedssfere: die Engel-Saksiese wêreld, Afrika en die ontwikkelingslande én die kontinentaal-Europese tradisie.

En vanuit Nederlandse gesigspunt beteken dit dat nouer kontak met Suid-Afrika nie noodwendig 'n teken van solidêre „stamverwantskap” of lojale sentiment hoef te wees nie, maar ook 'n positiewe deurbraak kan beteken van die groeiende tendens tot isolasie wat by veel Suid-Afrikane leef. 'n Deurbreking van so 'n Suid-Afrikaanse

isolasie kan selfs, juis vanuit die agtergronde wat tot die huidige verwydering van Nederlandse kant gelei het, a'leen maar verwelkom word.

Lesers word aangeraai om die bydrae in sy geheel te lees.

'n Groot gedeelte van die inhoud van die Vlaamse tydskrif *De Toerist* (Antwerpen, jg. 47, nr. 15) is gewy aan die stad Mechelen. *Marcel Kochen* het die belangrike bydrae *Volkskunde en volkskunst in de Mechelse muzea* opgestel; die voormalige *Schepenhuis* is deur *Frans Vermoortel* beskrywe; terwyl *Ferdinand Doms* ons meer oor die beiaardierstad Mechelen met sy grootmeesters van die verlede soos Jef de Nijn en Staf Nees meedeel.

In die Duitse Bondsrepubliek sal, aldus 'n mededeling in *The German Tribune* (Hamburg, 29.7.1967), die pasgestigte universiteit van Regensburg in November aansaande met sy werskaamhede begin. Een van die vyf fakulteite is die fakulteit van geskiedenis, sosiologie en politieke wetenskap. Tot op datum is 17 professore aangestel, terwyl vir die eerste semester 300-400 studente verwag word. In dieselfde uitgawe is vermeld dat die bekende Duitse historikus *prof. Gerhard Ritter* (79), die skrywer van 'n meerdelige werk *Staatskunst und Kriegshandwerk*, oorlede is. Hierdie werk geld nog steeds as een van die belangrikste wetenskaplike publikasies oor die gebeurtenisse wat tot die Eerste Wêreldoorlog gelei het. In hierdie werk het *prof. Ritter* gebots met die opvattinge van die Hamburgse historikus *Fritz Fischer* en sy skool wat die blaam vir die uitbreek van die oorlog op die skouers van die Duitse ryk geplaas het. *Prof. Ritter* het vroeër werke oor Luther, Stein en Frederick die Grote geskrywe.

In die *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 15, afl. 2) wy *A. M. Louise E. Erkelens* 'n bydrae aan wapentapyte van koning-stadhouer Willem III wat ooreenkomstig ontwerpe van die bekende Daniël Marot vervaardig is. In dieselfde uitgawe verstrek *J. Leeuwenberg* meer besonderhede oor 'n viertal onbekende Noordnederlandse beeldhouwerke wat vermoedelik uit die laaste helfte van die 14de en die begin van die 15de eeu dateer. Tewens is vermeld dat 'n album met 100 kleurafdrukke van skilderye uit die versameling van die *Rijksmuseum*, met inleidende tekste in Nederlands, Engels, Frans en Duits gepubliseer is.

In die tydskrif *Ost-Probleme* (jg. 19, nr. 13, 30.6.1967), wat in Bonn uitgegee word, kom die volgende belangrike bydraes voor: *Die USSR, der Imperialismus und die Nahost-Krise*, en *Die Haltung der kommunistischen Länder zum Krieg in Nahost*. Hierdie tydskrif word uitgegee deur die *Verlag Wissenschaft und Politik, Bernd von Notbeck, Köln, Salierring 14-18*, Duitse Bondsrepubliek. Die redaksionele adres is: *Bonn, Bertha von Suttnerplatz 12*.

Van die *Kroniek van Afrika* (Afrika-Studiecentrum, Leiden, Nederland) het uitgawe 1967/2 verskyn. In sy artikel *De lange weg naar de welvaart* kom die skrywer (*drs. J. H. Konter*) tot die volgende konklusie:

Een economische groei in de ontwikkelingslanden zal de inzet van de gehele bevolking vragen. De regering van een ontwikkelingsland staat voor een hopelose taak als zij de bevolking niet voor haar plannen kan winnen. Binnen het raam van de plannen en de steun van de regering, zal de bevolking met eigen middelen en door eigen arbeid, zoveel mogelijk moeten doen om de import van dure materialen en technici zoveel mogelijk te voorkomen. Deze manier van werken zal technisch niet de meest volmaakte resultaten kunnen opleveren maar wel resultaten die een economische groei mogelijk maken zonder haar te veel te belasten. Naast de technische ervaring die de Afrikaan hierbij opdoet, weet en beseft hij dat hij zelf werkt aan de vooruitgang van zijn land (Nationbuilding) en aan een grotere welvaart voor zichzelf (Self-help).

Dr. J. Ploeger.